# Teaspoon bekeringsgebed

Hierdie is die uitnodiging om Christus as Verlosser en Here te bely. Wanneer ons bid en bely moet ons dit doen met die oortuiging dat God se beloftes vir ons waar is.

**Drie belangrike punte vir gebed:**

1. **Bid vir die persoon**
    - Dat hy sal verstaan;
    - Dat hy 'n u-draai sal maak;
    - Dat hy sal glo.

2. **Bid saam met die persoon**
    - Julle gaan nou saam bid. Sê vir die persoon dat hy nou agter jou aan moet bid.
    - Bid kort stukkies, sodat die persoon die woorde agterna kan bid.

3. **Bid vir die persoon vir sekerheid**
    - Bid vir sekerheid
    - Bid vir die krag van die Heilige Gees in sy lewe.
    - Gebruik teksverse soos bv Joh 1:12, Joh 3:16, Joh 10:28.

Teaspoon metode vir gebed.

Dink aan die afkorting vir teaspoon – dis tsp. Dit sal jou help onthou wat om te bid wanneer jy iemand tot bekering lei.

**T** – **T**hank you

**S** – **S**orry

**P** – **P**lease

Jy kan soos volg bid:

Dankie (thank you) Here Jesus dat U aan die kruis vir my gesterf het.

Jammer (sorry) dat ek U verloën het en my eie pad wou volg. Vergewe asb al my sondes.

Asseblief (please) Heilige Gees kom woon nou in my hart.

**Onthou om altyd die Heilige Gees te vra om jou te lei in hoe jy vir die persoon moet bid.**